



# education

---

Department:  
Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**MUSIEK V1**

**NOVEMBER 2008**

**EKSAMENNOMMER:**

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

**PUNTE: 125**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye en 'n rofwerkblad.**

# LAAT ASSEBLIEF HIERDIE BLADSY OOP

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.
2. Beantwoord AL die vrae in die oop ruimtes op hierdie vraestel.
3. Dit word aanbeveel dat AFDELING A slegs in potlood beantwoord moet word.
4. Kandidate wat daaraan gewoond is om hul harmonie op 'n instrument te speel, mag vra om dit te doen. 'n Opsiener moet hom/haar dan na 'n aparte musiekkamer vergesel vir 'n tydperk van 5 – 10 minute.
5. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier vir rofwerk. Hierdie bladsy mag deur die kandidaat verwyder word.

**AFDELING A: MUSIEKTEORIE**

**VRAAG 1**

Bestudeer die musiekuittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Mozart - Adagio K.410 (excerpt/uittreksel)**

The musical score is presented in three systems, each with three staves: Basset Horn 1 (Bassethoring 1), Basset Horn 2 (Bassethoring 2), and Bassoon (Fagot). The key signature is one flat (B-flat) and the time signature is common time (C). The score includes first endings for various phrases, labeled as 1.x.y, where x is the first ending number and y is the measure number. The first system covers measures 1-4, the second system covers measures 5-8, and the third system covers measures 9-12. The bassoon part features a complex rhythmic pattern of eighth and sixteenth notes throughout.

- 1.1 Kies EEN van die onderstaande terme om by elke musiekpatroon gemerk 1.1.1 tot 1.1.4 op die musiekuittreksel te pas.

herhaling; sekvens; omkering; pedaalpunt (omgekeerd); chromaties; nabootsing; sinkopasie

Skryf die antwoord langs die ooreenstemmende nommer hieronder neer.

1.1.1 \_\_\_\_\_

1.1.2 \_\_\_\_\_

1.1.3 \_\_\_\_\_

1.1.4 \_\_\_\_\_ (4)

- 1.2 Skryf die solfa-notasie-ekwivalent van die note wat met pyltjies (1.2.1 tot 1.2.3) aangedui is.

1.2.1 \_\_\_\_\_

1.2.2 \_\_\_\_\_

1.2.3 \_\_\_\_\_ (3)

- 1.3 Identifiseer die intervalle gemerk 1.3.1 tot 1.3.3.

1.3.1 \_\_\_\_\_

1.3.2 \_\_\_\_\_

1.3.3 \_\_\_\_\_ (3)

- 1.4 Identifiseer die geïmpliseerde harmonieë aangedui by 1.4.1 tot 1.4.4 deur óf die besyfering (byvoorbeeld  $V^7$ ) óf akkoordsimbole (byvoorbeeld  $G^7$ ) te gebruik. MOENIE enige omkerings aandui NIE.

1.4.1 \_\_\_\_\_

1.4.2 \_\_\_\_\_

1.4.3 \_\_\_\_\_

1.4.4 \_\_\_\_\_ (4)


1.5 Herskryf die laaste twee mate (11 en 12) vir die volgende instrumente:

**Klarinet in A:** (Wenk: 'n Klarinet in A klink 'n mineur derde laer as die geskrewe note.)

**Altviool:** (Wenk: Altviolspelers lees hul musiek in die altsleutel.)


**Tjello:** (Wenk: 'n Tjello is 'n nietransponerende instrument.)

Klarinet in A:




(3)

Altviool:



(2)

Tjello:




(1)

**[20]**

**VRAAG 2**

Beantwoord VRAAG 2.1 OF VRAAG 2.2.





2.1 Skryf 'n 12-maat-melodie in drieledige vorm. Maak gebruik van enige TWEE van die volgende ritmiese motiewe in 'n saamgestelde tydmaatsoort:



(NIE volledige mate NIE)

Dui jou keuse van stem/instrument aan en voeg geskikte dinamiek, frasering en artikulasie-aanduidings by.

**Antwoord:** \_\_\_\_\_  
**Stem/Instrument**



(15)

**OF**





2.3.3



Antwoord: \_\_\_\_\_ (1)

2.3.4



Antwoord: \_\_\_\_\_ (1)

2.3.5



Antwoord: \_\_\_\_\_ (1)  
[20]

**VRAAG 3**

Beantwoord VRAAG 3.1 OF VRAAG 3.2.

3.1 Harmoniseer die volgende melodie vierstemmig.

Voeg minstens EEN van elk van die volgende by:

- 'n Tweede omkering (6/4) progressie
- 'n Dominant sewende akkoord

(20)

**OF**

3.2 Bestudeer die volgende baslyn en harmoniseer die volgende 8 mate soos aangedui in die eerste maat:

- Noteer die akkoorde op die boonste balk soos die voorbeeld in maat 1.
- Dui die akkoordsimbole bokant die balk aan.
- Maak gebruik van enige harmoniese middel wat aan jou bekend is. Die gebruik van gevorderde harmonieë sal in jou guns tel.
- Dui EEN voorbeeld van 'n deurgangsnoot (merk met 'n a) en EEN voorbeeld van 'n antisipasie/vooruitneming (merk met 'n b), deur die betrokke note in die baslyn te omring.

The musical score is in 4/4 time and E-flat major. It consists of three systems of staves. The first system shows the first two measures. The treble clef staff contains two  $E_b^6$  chords. The bass clef staff contains a melodic line. The second system shows measures 3 and 4. The treble clef staff is empty. The bass clef staff contains a melodic line. The third system shows measures 5 and 6. The treble clef staff is empty. The bass clef staff contains a melodic line. The score ends with a double bar line.

(20)  
[20]

**TOTAAL AFDELING A: 60**

**AFDELING B: ALGEMENE MUSIEKKENNIS**

Beantwoord AL die vrae.

**VRAAG 4**

Omkring die korrekte antwoord.

- 4.1 Watter van die volgende is 'n vorm van Afrika-jazz?
- 4.1.1 Blues
  - 4.1.2 Bebop
  - 4.1.3 Mbaqanga
  - 4.1.4 Marimba (1)
- 4.2 Die ritmiese gevoel van ragtime is baie na aan 'n ...
- 4.2.1 mars.
  - 4.2.2 wals.
  - 4.2.3 polonaise.
  - 4.2.4 ballade. (1)
- 4.3 Die simfonie-orke bestaan normaalweg uit die volgende kombinasie instrumente:
- 4.3.1 Strykers, houtblasers, koperblasers, slaginstrumente
  - 4.3.2 Strykers, elektroniese klawerbord, blaasinstrumente, koor
  - 4.3.3 Kitare, saksofoon, tromme, orrel
  - 4.3.4 Enkel- of dubbelrietinstrumente, doedelsakke, trekklavier, bongotromme (1)
- 4.4 Watter EEN van die volgende note word dikwels verlaag in 'n blues-melodie?
- 4.4.1 Eerste, derde, sewende
  - 4.4.2 Tweede, vierde, agtste
  - 4.4.3 Derde, vyfde, sewende
  - 4.4.4 Vierde, sewende, agtste (1)

- 4.5 Watter EEN van die volgende het betrekking op swing?
- 4.5.1 Kamerorkes
  - 4.5.2 Big band-musiek
  - 4.5.3 Fuga
  - 4.5.4 Hip hop (1)
- 4.6 Watter kunstenaar word geïdentifiseer met bebop?
- 4.6.1 Elton John
  - 4.6.2 Charlie Parker
  - 4.6.3 Mandoza
  - 4.6.4 Michael Jackson (1)
- 4.7 Ragtime ...
- 4.7.1 word in kontrapuntale styl geskryf.
  - 4.7.2 maak van boogie-bas gebruik.
  - 4.7.3 maak van 'n gesinkopeerde melodie in die regterhand gebruik.
  - 4.7.4 het sy oorsprong in Europa. (1)
- 4.8 Watter EEN van die volgende pas die beste by twintigste-eeuse musiek?
- 4.8.1 Oratorium
  - 4.8.2 Klassiek
  - 4.8.3 Jazz
  - 4.8.4 Gregoriaanse dreunsang (1)
- 4.9 Watter EEN is NIE 'n komponis van westerse klassieke musiek NIE?
- 4.9.1 Allesandro Scarlatti
  - 4.9.2 Johann Sebastian Bach
  - 4.9.3 Johannes Brahms
  - 4.9.4 Johannes Kerkerrel (1)

4.10 Wie het die amptelike orkesverwerking van die Suid-Afrikaanse Nasionale Volkslied geskryf?

4.10.1 Enoch Sontonga

4.10.2 CJ Langenhoven

4.10.3 ML de Villiers

4.10.4 J Zaidel-Rudolph

(1)  
[10]

### VRAAG 5

5.1 Brahms: *Simfonie No. 4 in E mineur, Op. 98*

Die volgende uittreksel kom uit die vierde beweging van hierdie simfonie:



5.1.1 Bespreek kortliks die tipiese karaktereienskappe van Brahms se musiek.

**Antwoord:** \_\_\_\_\_  
 \_\_\_\_\_  
 \_\_\_\_\_  
 \_\_\_\_\_  
 \_\_\_\_\_  
 \_\_\_\_\_  
 \_\_\_\_\_

(2)

5.1.2 Gee 'n kort beskrywing van die vorm van die vierde beweging.

**Antwoord:** \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_ (5)

5.1.3 Wat is die oorsprong van die hooftema van hierdie beweging?

**Antwoord:** \_\_\_\_\_ (1)

5.1.4 Is die hooftema 'n presiese replika van die oorspronklike melodie? Motiveer jou antwoord.

**Antwoord:** \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_ (2)





**VRAAG 6****Jazz**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is, deur 'n regmerkie in die korrekte blokkie te maak.

Gee die korrekte antwoord indien die stelling ONWAAR is.

	STELLING	WAAR	ONWAAR
--	----------	------	--------

6.1	Jazz het sy oorspong in Argentinië.		
-----	-------------------------------------	--	--

**Antwoord:** \_\_\_\_\_

6.2	<i>The Entertainer</i> van Scott Joplin is 'n voorbeeld van bebop.		
-----	--	--	--

**Antwoord:** \_\_\_\_\_

6.3	Jazz-harmonieë ontwikkel van relatief eenvoudig tot meestal kompleks.		
-----	---	--	--

**Antwoord:** \_\_\_\_\_

6.4	'n Riff kan gedefinieer word as 'n herhaalde motief.		
-----	--	--	--

**Antwoord:** \_\_\_\_\_

6.5	Tradisionele blues-melodieë bestaan uit 16 mate.		
-----	--	--	--

**Antwoord:** \_\_\_\_\_

**[8]**

**VRAAG 7**

Kies EEN van die popmusiekstyle wat hieronder gelys is. Beantwoord die vrae wat daarop volg.

- 7.1 Heavy Metal
- 7.2 R&B Pop
- 7.3 Glam Rock
- 7.4 Brit Pop
- 7.5 Girl/Boy bands

**Antwoord:** \_\_\_\_\_

**Gekose styl**

7.1.1 Noem VIER stylkenmerke.

**Antwoord:** \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

(4)

7.1.2 Noem EEN verteenwoordigende kunstenaar, asook EEN treffer OF album.

**Antwoord:** \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

(2)  
**[6]**

**VRAAG 8: SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS IN POPULÊRE MUSIEK**

Kies EEN van die Suid-Afrikaanse kunstenaars wat jy bestudeer het en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**8.1 Mandoza**

8.1.1 Noem Mandoza se musiekprestasies met spesiale verwysing na sy toekennings.

**Antwoord:** \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

(4)

8.1.2 Noem TWEE treffer of albums van die musikant.

**Antwoord:** \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

(2)  
**[6]**

**OF**

**8.2 Steve Hofmeyr**

8.2.1 Gee 'n kort beskrywing van Steve Hofmeyr se bydrae tot Suid-Afrikaanse musiek.

**Antwoord:** \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

(4)

8.2.2 Noem TWEE van sy treffer of albums.

**Antwoord:** \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

(2)  
**[6]**

**OF**

**8.3 Lucky Dube**

8.3.1 In watter opsig het Lucky Dube populêre musiek beïnvloed?

**Antwoord:** \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

(4)

8.3.2 Noem TWEE van sy treffers of albums.

**Antwoord:** \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

(2)  
**[6]**

**VRAAG 9**

Sommige Suid-Afrikaanse musiekstyle het spontaan in huise ontstaan, sommige in townships en somtyds is musiek spesiaal geskep vir sosiale en kulturele geleenthede.

Brei uit op hierdie stelling deur EEN van die volgende style te bespreek:

(Trek 'n sirkel om die styl wat jy kies vir bespreking.)

9.1 Kwaito

9.2 Musiek vir sosiale and kulturele geleenthede

9.3 Moppies en ghoemaliedjies

**Antwoord:** \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_

A series of 20 horizontal lines, evenly spaced, intended for musical notation. The lines are black and extend across most of the page width.

[7]









# LAAT ASSEBLIEF HIERDIE BLADSY OOP

**ROFWERKBLAD**

The image contains 12 blank musical staves, each consisting of five horizontal lines. These staves are arranged vertically down the page, providing a template for musical notation.